

## NASKOOL - VORMS UITSTAANDE

Daar is steeds heelwat vorms uitstaande.

Ons doen 'n beroep op ouers wat nog nie die vorms ingedien het nie, om dit asseblief so spoedig moontlik skool toe te stuur of u kan dit elektronies stuur na: admin@laerskoolpierneef.co.za.

## FAMILIE KERSBOOM!

ONS GAAN N OULIKE FAMILIE KERSBOOM MAAK VAN KLEI VIR DIE FEESTYD, HIER BY DIE SKOOL!

KOSTE R 240 (ALLES INGESLUIT)
KONTANT OF EFT
2 MAAK LESSE: 22 & 29 OKTOBER
2 VERF LESSE: 5 & 12 NOVEMBER

NAAM VAN SKOOL : _______________
NAAM VAN KIND EN KLAS :_______________
OUER TEL NR _________________

BEAUX ARTS ABSA TJEK 404 951 6808
TAK : 632005
VERW: KIND SE NAAM EN SKOOL
BV JULIA MAYVILLE

NAVRAE : SANTIE 083 407 3112

www.laerskoolpierneef.co.za

## FINANSIES



Baie dankie vir betalings ontvang ten opsigte van skoolfonds. Uitstaande skoolfonds moet asseblief so gou moontlik vereffen word.

Vir enige verdere navrae, kan u 'n e-pos stuur na Magda Schutte finansies@laerskoolpierneef.co.za




# LAERSKOOL PIERNEEF

Pierneefstraat 940, Villieria, 0186 • Posbus 26042, Gezina, 0031 • ☎ (012) 329-2369 • (012) 329-2383

STAAN VAS

## Omsendbrief 34/2021
## 2 November 2021

## ALGEMENE JAARVERGADERING

Die jaarvergadering (begroting) is uitgestel na 3 November aangesien daar nie 'n kworum teenwoordig was nie.

**Datum:** Woensdag 3 November 2021
**Plek:** Skoolsaal
**Tyd:** Stiptelik 13:00 (ongeveer halfuur).

Ons vra ouers asseblief om ons hierin te ondersteun. Kom luister na die voorstelle wat gemaak is, asook die voorgestelde skoolfonds vir 2022.

## SENIORKOOR



Seniorkoor oefen môre, Woensdag 3 November vanaf 14:00 tot 15:00.

## KOORAFSLUITING

Senior koorafsluiting vind plaas op 4 November vanaf 18:30 tot 19:30 in die saal. Dit is in die vorm van piekniek in die saal.

Bring asseblief eie eet– en drinkgoed. Tafels en stoele word voorsien.

## GRAAD 7 AFSKEID

Die Graad 7 afskeid vind 3 Desember 2021 plaas. Die skrywe sal vandag aan die leerders gegee word.



## INLIGTINGSTUK VIR OUERS
## OUER BEHEER OOR SELFONE

Die skool is bekommerd oor die leerders se gebruik van selfone en veral oor die tipe materiaal waartoe leerders toegang het.

Ouers kan die skool ondersteun deur effektiewe toegangsbeheer oor hul kinders se selfone toe te pas. Die volgende stappe kan gevolg word:

**VODACOM:**

Alle kontrak- en Prepaid-kliënte kan toegangsbeheer oor volwasse inhoud uitoefen deur *111*123# vanaf die betrokke selfoon te skakel.

Ten einde die toegangsbeheer op te hef, moet die naaste kliëntediens sentrum besoek word met 'n ID-dokument om te wys dat die persoon bo 18 jaar oud is. Dit kan nie telefonies opgehef word nie.

MTN:

Skakel *101# vanaf die handstuk waaroor beheer uitgeoefen wil word.

Kies die areas wat beheer wil word.

Skep 'n PIN-nommer wat later gebruik kan word om die toegangsbeheer te kanselleer.

Voorsien u eie selfoonnommer ten einde opdaterings te ontvang.

Tik die gekose PIN-nommer in.

Skakel *101# ten einde inligting te verander.

Enige verandering op bogenoemde besluit sal per SMS gekommunikeer word.

**CELL C en TELKOM MOBILE:**

Daar bestaan ongelukkig geen diens rakende ouerbeheer vir bogenoemde netwerke nie.

Sien ook verdure inligting op skool se webwerf.

**INTERHUIS ATLETIEK 2021**

Soos u reeds weet is daar eers komende Vrydag, 5 November, 'n interhuis byeenkoms te Laerskool Pierneef. Die program begin stiptelik 14:00 tot 17:30. Alle betrokke atlete het alreeds hul deelname brief en program ontvang. Daar sal wel 'n paar ekstra programme by die hek beskikbaar wees. Die leerders wat atleetbriewe ontvang het, moet dit asseblief so gou moontlik sal terug stuur. Daar sal ook geen oefeninge hierdie week plaasvind nie.

Verder is ons baie bly om u mee te deel dat toeskouers welkom is om die geleentheid by te woon.

Daar is wel 'n paar Covid reëls wat gevolg moet word:

- Aantekening, sanitering en beantwoording van Covid-19 vrae.
- Ons mag slegs 50% van die skool se kapasiteit teenwoordig hê, daarom versoek ons dat u asseblief na u kind se item/items, die perseel sal verlaat. Dit sal dan meer ouers toelaat om hulle kind/kinders se items te sien.
- Toegang: Sagtebalbaan in 27ste Laan vir motors en die groot hek by die rugbyveld in 25 ste Laan vir voetgangers.
- Indien u buite stop, wil ons u graag versoek om nie voor ons bure se hekke te parkeer nie. Byvoorbaat dankie vir u samewerking hiermee.
  Dra asseblief te alle tye 'n masker en handhaaf sosiale afstand.

Ons benodig ook ouers om as beamptes op te tree die dag van die Interhuisbyeenkoms. Dit is 'n middag/aand byeenkoms. Die byeenkoms begin 14h00 en eindig nagenoeg om 17h30. Vul asb die afskeurbrief in, indien u bereid is om daardie dag uit te help, en stuur die afskeurbrief asb môre 3 November 2021 terug vir Mnr. P. Kraftt.

Indien daar enige veranderings of aanpassings is aan die program vir Vrydag, sal ons dit so spoedig moontlik aan u kommunikeer.

Dankie vir u samewerking in hierdie moeilike tye wat ons ervaar.

---

**AFSKEURSTROKIE: OB 34 van 2021 INTERHUISATLETIEK**

Ek,________________________________ ouer van ____________________gr. ________

kan behulpsaam wees as Beampte tydens die Interhuisbyeenkoms wat sal plaasvind op 5 November 2021 te Laerskool Pierneef vanaf 14h00 tot nagenoeg om 17h30.

__________________ ______________________ ______________________

Handtekening Selnommer E-pos adres

**PREFEKVERKIESINGSPROSES**

Die prefekverkiesingsproses begin Donderdag 4 November 2021. Sterkte aan al die graad 6 leerders.

**EDUDOME INSTAPPIE.**

Die leerders het vandag se natuurwetenskap-instappie baie geniet.
Die tweede helfde van die leerders gaan volgende Dinsdag, 9 November 2021 die instappie kan bywoon.
Indien u dalk 'n leerder wil borg , kan u dit by die kantoor doen.
Daar is heelwat leerders wat graag die instappie wil bywoon, maar nie die fondse het nie.





**WYSNEUSIES OP VIA KANAAL 147**

Ouers, oumas, oupas, vriende, familie en almal wat lief is vir 'n Kleine Piere.

Ons is vanaand om 18:30 op Wysneusies op VIA TV Kanaal 147.

via. DStv-kanaal 147

